

Gou was oom Dries weer langs die rivier by tant Annie met die blye tyding. En toe kon sy nie rus nie, vóór sy en oom Dries weer die berg opgesukkel het en Driesie se ou sakspieëltjie nie ook in haar betraande oë lank en herhaalde male geflikker het nie.

Toe die son die dag ondergegaan het, het oom Dries weer teen die berg opgeklim en toe met vreugde gesien dat daar op die onvergeetlike koppie ook 'n vuurtjie brand! Dit was nog 'n verrukkender boodskap vir die ouers.

Maar hulle hoop was tog geming met benoudheid, as soiets moontlik is, want die rivier het nog altyd hoër en hoër gerys.

Eers die volgende dag, in die namiddag, het die rivier 'n seker merk bereik, wat ou Grootrivier sedert 1888 nooit weer bereik het nie. En hierdie merk word vandag nog onder die ou aartsvaders van Boesmanland die hoogwatermerk genoem.

Van die derde dag aand af het die rivier eers 'n weinig begin te sak. Tog moes nog ses dae verstryk eer outa Oliepot, 'n ou skaapwagter van oom Dries, en wat die beste swemmer daar rond was, dit wou waag om hom na die koppie, waar die bekende tekens nog steeds te bemerk was, te begewe.

Die ou skepsel het 'n dik droë wilgerhoutblok uitgekies, op vier voet lengte afgekap en 'n houtpen omtrent 'n voet van die dikste end van die blok af ingeslaan. „Kleinbaas Driesie,” sê outa Oliepot, „hy moet met hy se bors op die blok lê rus en met hy se hand die pen lê vashou en dan, ekke wat Oolpot is, hom lê pambeer deurswem.”

Huiwerend het die ouers toe weer langs die rivier

gaan staan om op outa Oliepot se terugkoms te wag. Die strome was nog baie breed en gevaarlik en derhalwe was die ouers beangs dat „miskien nou net juis vandag die dag kan wees waarop Driesie sy lewe moet verloor“. Dit was later ook vir hulle onuithoubaar om nog langer langs die rivier te wag, te luister en angstig te loer of hulle dan tog nie al iets kon hoor of sien kom nie. Maar net toe oom Dries dan maar eers gou weer na die kop wou hardloop, slaak tant Annie die vreugdekreet: „Daar, daar kom hulle!“ en sak toe glad oorstelp op die grond neer.

Gou egter was sy instaat om Driesie aan die bors te druk. „Ag, Moedertjie, my Mametjie, dan is ek tog bly!“ roep haar kind verruk uit. Toe gryp hulle mekaar in een lang omhelsing. Niemand kon verder iets sê nie. Outa Oliepot wou darem iets vertel, al was dit net om ook uiting te gee aan sy vreugde oor die redding van die Kleinbaas, maar niemand kon nog na die ou skepsel luister nie. Toe staan en wys hy maar sy stel groot, wit tande van blydschap en innerlike genot.

Lank daarna kon tant Annie eers deur lekker warm tranes vra: „Hoe voel jy tog? Is jy baie honger? Siek?“

Driesie lag en antwoord: „Honger, my Mametjie, ja; maar die Vadertjie het tog so baie gehelp.“

„Vertel nou alles, my kind,“ sê oom Dries.

„Het Pa die nag, wat die rivier afgekom het, geskiet?“ vra Driesie daarop.

„Ja, ja!“ antwoord oom Dries en tant Annie.

„Nou sien Pa en Ma,“ sê Driesie, „dan was dit ook nie anders nie; die skote het my seker gewaarsku, want ek het die nag uit 'n lekker slaap skielik wakker geskrik en toe was dit al vir my of geweeskote my

wakker gemaak het. Maar skaars was ek wakker of ek hoor sommer so 'n gedruis rondom my en toe spring ek op en kyk, kyk, en toe ek vir my kon kry, gewaar ek orals net water, water. En toe skrik ek my morsdood, maar hardloop sommer na my trop bokke toe om gou met hulle te vlug, ek weet toe nog self nie waarnatoe nie. Maar toe sien ek later dit sal alles niks help nie. Toe kry ek die gedagte ek moet maar my lewe probeer red. En toe gaan gryp ek my sakkie meel, van my kooigoedjies en my ou baadjie en sit sommer af, die dik bosbome in — ek het self nie geweet waarnatoe nie. Maar ek moes lelik sukkel om nie stukkend gestamp en geskeur te word in die donker bos nie; gelukkig kry ek toe onder al die gesukkel die gedagte aan die klipkoppie, waar ek net die dag vantevore nog skoon sandsuikerheuning uitgehaal het. En gou was ek in die voetpaadjie, koppie-toe. En sien Pa en Ma, daar op die koppie het ek darem baie bang dae en nagte deurgebring. My vuurhoutjies en ou sakspieëltjie was in my ou baadjiesakke. Ek kon tog toe vuur maak en later met behulp van my ou spieëltjie na Pa en Ma ligmaak, daar na die ou groot kop toe; het Pa en Ma my liggies gesien?"

„Ja, ja," antwoord die ouers weer tegelyk.

„Nou sien Pa en Ma," vervolg Driesie weer, „daar het ek al die dae van ou askoekies gelewe. Ons bokke moet glo almal af, weg — met die vreeslike waters saam wees. Maar ek was al amper mal geword. Dit was tog so naar daar tussen dood.. My meeltjies was ook al nou op. As Pa darem nie die nag geskiet het nie, . . . as ek nie die vuur en die meeltjies gehad het nie, . . . as outa Oliepot nie vandag al kon gekom het

nie... dan, ek weet nie so mooi wat darem dan van my moes geword het nie, want..."

„Ja, my kind," val oom Dries hom hier in die rede, „maar onthou, alles wat jy nou daar opgenoem het, is slegs middele van die genadige Albestierder wat Hy gebruik het om jou lewe te reg en heeltemal ongedeerd aan ons weer terug te skink."

„Ja, dis waarlik middele van die Albestierder," stem tant Annie hier van harte in.

XVII.

Op wag in Boesmanland.

*„Daar is maar net een ou Boesmanland
in die hele wêreld.”*

Dit was in 1896. Van anderkant die Sambesie tot in die ou Kolonie was net een klaaglied: *die runderpes! die runderpes!*

Die eerste stap, wat toe geneem word om die pes in sy vaart te stuit, was om al die beeste in die nabyheid van ander siek beeste voor-die-voet dood te skiet. Maar dit wou nie help nie; die runderpes kom stadig nader „Kolonie”-toe.

'n Draadheining word toe al langs die suide wal van Grootrivier af gespan, tot ver onderkant Kakamas.

Tussen die rivier en die draad word toe stasies — omtrent twee myl uitmekaar — opgerig, en twee man word by elke stasie geplaas, om toe te sien dat geen mens of dier van oorkant af deurkom nie.

Ons, ou Grootrivierders, het by die soort werk vrywillig aangesluit dat dit kraak, want dit het goed betaal — ses sielings per dag vir 'n man en nog boon-op jou kos daarby!

Ek en my maat, ou Jan Perskeoor, se stasie was op Bobbejaankrans, 'n plaas sowat drie uur met die kar bokant Upington. Om sesuur elke môre moes ek van

ons stasie oploop vir 'n myl — tot by 'n paal wat tussen elke twee stasies staan. By die paal moes ek die man, wat van die stasie aan die bokant afkom, ontmoet en dan dadelik terugkeer. Perskeoor moes natuurlik weer afloop tot by 'n ander mylpaal. In die agtermiddag moes ons weer so op „patrollie” uitgaan en dan is die dagwerk klaar.

Maar nou kom die moeilikste van die affêre; ek moes die hele voor-nag op wag bly en Perskeoor die hele na-nag. Die soort werk het die Engelse „special service” genoem, maar Perskeoor, wat altyd 'n ding wil beter uitspreek as 'n ander mens, het dit „spessel serwes” genoem. En Perskeoor het ek die dae vir die beste outoriteit op taalkundige gebied gehou; hy het my ook mos self vertel, dat hy vroeër 'n ronde jaar in 'n Engelse skool geleer het. Nou 'n Boesmanlander, wat 'n jaar lank op skool was, het ons in daardie tyd vir 'n soort van professor gehou. Kom 'n tante of oom te sterwe, dan moes hy die lykdienste waarneem; word 'n bidstond om reën gehou, moes hy voorgaan; in kort hy moes orals die voortou vat. Perskeoor was so 'n soort van voorman onder ons Boesmanlanders, en ek was dus reg in my skik om so 'n geleerde man vir 'n maat te kry. Ek het hom derhalwe ook altyd baie uit-en ingevra om op die manier ook self iets te leer.

Die eerste aand wat die waghoudery sou begin, het Perskeoor my gevra of hy nie liewers vóór-nag kon waghou nie, waarin ek toegestem het. Hy het toe begin te sing om die tyd dood te kry. Eers was dit „Hoe lieflik hoe vol heilgenot”, naderhand klink dit weer „Aan die oever van 'n snelle vliet”, en nog later was dit weer „Gij kleine Anna Dede, wees dezen avond mijn!”

Die gevolg van al die gesing was dat ek, wat moes slaap, al nugterder, en hy wat moes wag hou, al vaker geword het! Eindelik het hy hom letterlik aan slaap gesing en my so nugter, so nugter soos 'n kat-uil gehad.

Die soort van waghout wou dus nie betaal nie en toe besluit ons om altwee die hele lieve nag saam op wag te sit en dan oordags te slaap. Dit wou in die begin ook nie mooi stryk nie, maar Perskeoor sê toe: „Ons moet maar aanhou, want praktis maaiks pifrik.” Toe ek hom die Afrikaanse betekenis van praktis maaiks pifrik vra, sê hy: „Ekskuus, ou boetie, ek het vergeet dat jy nie die rooi taal ken nie; dit beteken, as jy aanhou met sukkel, sal jy later nie meer strukkel.”

Nouja, ons het toe aangehou met sukkel en „strukkel” tot ons later gewend geraak het aan „saans gousblom en bedags ashoop”. „Dit beteken,” sê Perskeoor, „saans is ons wakker en vol flikkers soos die vuur en bedags weer gees-uit soos die as van uitgebrande hout, sodat ons dan net slaap, slaap tot die agtermiddag laat.”

Die lang winteraande van 1896 sal ek nooit vergeet nie. Arme ou Perskeoor en ek het g'n ander lektuur gehad nie as 'n Bybel, 'n Trap-der-Jeugd en 'n heel boel „Ons Kleintjies” — nommers van 'n tydskrif in Afrikaans, wat die tyd al uitgegee is. Hierdie boeke het ons dan ook geles by die vuurlig — ja, geles tot ons oë brand dat dit nie meer uit te hou was nie. Dan word strikvrage gevra, raaisels gegee en stories vertel.

Een van my strikvrage was: „Waarom het die mense jou die naam van Perskeoor gegee?”

Die antwoord van Perskeoor was lank, maar het veel waarheid bevat, n.l.: „Nee, dit weet ek nie, want

soos jy self weet gee 'n Boesmanlander graag byname, maar altyd toepaslik en tog is hierdie naam glad nie op my toepaslik nie, want my ore is groot en plat, maar na droë perskes lyk hulle net so min as 'n bobbejaanuintjie na 'n miskeljatkat. Nou kort nog het ek gesien, hoe mooi en toepaslik ou tant Kaaitjie kan byname gee aan die A.B.C.-letters, toe sy hulle vir haar pokkel van 'n seun, Dirk, inpomp. Sy noem toedieletters skeefbeen A, tweeduik B, kromrug C, boepens D, vierstreep E, eenstreep I, driebeen M, ronde O, en so aan al na die vorm van die letter. Nou dit kan ek verstaan, want die byname help mos vir Dirk om die letters te onthou maar, wat my stomme twee ore met perskes te doen het, weet nugter. Ou Jakob Bakoor het natuurlik bakore en ou Piet Semelkas word weer so genoem omdat hy een aand self moes insuur, want sy vrou was siek, en toe het die ou, instede van meel, semels uit 'n kas gehaal en die ingesuur, wat natuurlik nie wou rys nie. Ou Osbout het 'n skop van 'n os gekry dat hy nou nog mank loop, en Alwert Koppivaproppe het per ongeluk die kurkproppe van 'n koppivaflessie ingesluk, toe hy in die nag sy vrou moes help om sy twaalf kinders, wat gelyk die masels gekry het, te dokter met alle soorte medisynes. Maar wat sal ek nog byname noem? Al die byname pas, maar myne pas net so min soos 'n konsertiena in 'n predikant se hand."

Tweemaal in die maand het die waens, wat ons kos bring, gekom. Die kos het Perskeoor „ressinks" genoem.

Later het ek gehoor, dat dit op Engels „rations" genoem word. Wel die „ressinks" het bestaan uit blikkieskos — soos bullie-beef, sardientjies en jam. Dan het ons gekry „sekkens" of sakkiesmeel, drooggeperste

groente, suiker, sout, kerse ens. Baie van die „res-sinks" was in kassies, blikkies en sakkies waarop die woorde „Trade mark" gestaan het. Ek was verwonderd om hierdie woorde so orals te sien, en vra toe aan Perskeoor die betekenis daarvan. Sy antwoord was: „Maar man, tra-de-mark," hy spreek dit op Hollands uit, „is niks anders nie dan 'n verskriklike groot mark of stad waar hulle al die goeters maak." Dit het ek vir evangelie aangeneem en later het ek dit weer aan baie van my mede-Boesmanlanders vertel en hulle was maar regte bly om tog ook die betekenis van die geheim-sinnige woorde te hoor.

Die raaisels en strikvrage was egter naderhand op, en toe moes ons weer met iets anders begin. Perskeoor, wat 'n ronde jaar op skool was, het vir alles raad ge-wet, en gee dadelik aan die hand, dat ons nou moet leer om „alle soorte briewe aan alle soorte persone" op te stel. Dit was vir my 'n mooi plan, want alle Boes-manlandse briewe begin net op een soort manier, wat ek al uit die kop ken, en nou is daar vir my 'n kans om aan Perskeoor te wys dat ek, wat nie 'n ronde jaar op skool was nie, ook iets kan doen.

Dadelik stel ek dus voor om die eerste brief self te skrywe, en begin op die ou welbekende manier wat vandag nog in die Boesmanland in gebruik is:

Waarde Oom,

Heden neem ek die pen om u bekend te maak dat dit met ons gesondheid nog alles door des Heren goedheid goed gaan en as dit met oom anders gaan sal dit my seer ter harte gaan oom ons skape vreet nog mooi dik oom ons hoor die vleie het darem weer

water gevat oom pa het gister twee springbokke geskiet en ma is nou aan biltong maak oom sus Hessie staan op trou en klein Jannie van oompie Bertus is ook verloof met Jaaitjie ek meen ou tant Jaaitjie se dogter Jaaitjie se Jaaitjie oom ma en pa en ons almal stuur die beste groetnis aan oomgoed oom nou moet ek maar sluit met die pen en inks maar nie met my verlangende hart nie.

Oom se verlangende susterskind,

A. B.

Nou, hoewel hierdie brief 'n baie goeie voorbeeld van 'n Boesmanlandse brief — veral by die begin en einde is — tog sê Perskeoor: „Dis als verkeerd, want waar is jou kommas en punte? Ook is dit vervelend om elke sin met „oom” te begin. „Oomgoed” is te paterjotsagtig en „susterskind” moes neef gewees het.”

Hierop het ek hom dadelik egter gewys dat ons, Boesmanlanders, byna nooit kommas en punte gebruik nie (en as ons dit nog gebruik, plaas ons dit op verkeerde plekke); dat ons die persoon aan wie ons skryf, altyd by die begin van elke sin in die brief aanspreek, soos ons hom of haar noem, hetsy oom of pa of Jan of meneer; dat die woord „oomgoed” beteken, oom en oom se ander mense, en dat die woorde oomgoed, pagood, grofgoed, kleingood, tantegood ens. elke dag in die ou Boesmanlandse spreek- en skryftaal gebruik word. „Baie van die Namakwalanders,” redeneer ek verder, „sê glad vir die woord „ons”, — onsjelle, en soms ook hoor 'n mens, veral onder Hotnots, onsjellegoed.” („Jelle” is dieselfde as julle, maar die Namakwalanders en die Boesmanlanders sê nooit „julle” nie, maar „jelle”.)

En, om meer krag aan my laaste voorbeeld te gee, haal ek nog 'n sin van 'n ou Namakwalandse tannie aan: „My dogter Truitjie is gebore dieselfde jaar wat onsjellegoed hier kom trek het.”

„Verder,” sê ek, „die woorde susterskind, broerskind, en kindskind gebruik ons altyd — ook in ons briewe — in stede van neef, nig en kleinkind.”

Hierop volg toe 'n harde woordestryd, want Perskeoor gee voor, dat hy beter weet as al die ander Boesmanlanders — ook beter selfs as ou Piet van der Kolf, die ou aartsvader van oor die honderd kinders en kindskinders. Wel, dit het my 'n bietjie te parmantig van Perskeoor gelyk, en ek wou dus ook nie ingee nie. Die gevolg was dat die briefskrywery ook maar moes laat vaar word.

Perskeoor stel toe voor dat ons nou vir mekaar spookstories moet vertel. Hierdie voorstel het ek nog gretiger aangeneem dan al die ander voorstelle, want kyk, in die ou Boesmanland spook dit, van Adam se tyd af baie meer as op ander plekke. Die Boesmanlandse kindertjies word gewoonlik saans as by die skape of beeste moet gewaak word, 'n boel spookstories vertel, en so het ek toe dus op hierdie gebied baie te sê. Perskeoor begin toe eers met sy storie — ook maar weer op dieselfde manier as min of meer alle Boesmanlanders hulle spookstories begin, naamlik, om hoog en laag te bevestig, dat dit 'n ware gebeurtenis is, want dat neef Piet nie 'n man is wat sommer lieg nie, en dat hy (neef Piet) dit self deur sy vader hoor vertel het, en dat sy vader dit weer van sy grootjie gehoor het, en so aan.

Ek sal egter nie Perskeoor se storie oorvertel nie,

want as egte Boesmanlander, glo ek daar v^{as} aan, en dus rys my hare vandag nog, net soos ek met die aaklige geskiedenis wil begin. Om dieselfde rede sal ek nie een van die ander vertel nie: Die Boesmanlandse spoke, groot en klein, verskyn in sulke aaklige gedaantes en praat met sulke droewige holklinkende stemme, dat ek hulle liewers nie wil — of kan beskrywe nie.

Ou Piet Rympiesmaker het eendag gesê:

„Net soos die geleerdheid in die ou Boesmanland verskyn, sal àl die gespook van die spoke verdwyn.“ Ek dink hy het gemeen dat beter opvoeding beter insigte sal teweeg bring en dat al die bygelofies dan van self sal uitsterwe.“

Dit mag waar wees, maar die hart van die Boesmanland, en die hart is groot, het vandag nog g'n skole nie, en verkeer dus nog in dieselfde toestand as in 1896.

Elke Boesmanlander laat sy kinders (as hulle eers twintig jaar of ouer is) by 'n optelmeestertjie, van Perskeoor se soort, leer om aangeneem te word. Natuurlik het die ouers hulle darem eers so 'n bietjie „touwys“ gemaak in die Trap-der-Jeugd, en die Bloublad-A.B.C.-boekie. By die meester leer die kinders nou vir omtrent drie of vier maande, dan is hulle die Kinder-Bybel en Katkesasieboek dwarsdeur, en as hulle hierdie twee boeke die dag deur is, word hulle van papa en mama gelukgewens en ergens na 'n predikant gebring vir aanneming.

As 'n boerseun nou eers aangeneem is, word hy 'n jong beginner genoem. So 'n jong beginner sukkel nou net hard om 'n tent, 'n kapwa, 'n stuk of wat veldstoeltjies, 'n span osse of donkies, 'n paar skaapvel-

komberse, 'n duiker of springbok-kleedjie en 'n vrou te kry. As hy bowe genoemde dinge en die vrou eers het, vang hy sy paar honderd skape uit die trop van sy pa en begin op sy eie houtjie te boer, net op dieselfde manier soos sy pa begin het, toe hy 'n jong beginner was. Dan kom daar kinders wat ook weer op dieselfde wyse touwys gemaak word en by 'n sogenaamde meester verder geleer. En so hou dit aan. Die uitsonderinge op hierdie soort van lewenswyse is bedroef weinig.

Maar ek het die lang winteraande van 1896 glad uit die oog verloor, maar as daar nie so 'n groot, arm veragterde Boesmanland was nie, sou ek daardie aande oek so nooit, onder g'n ander omstandigheid, uit die oog verloor het nie.

En vóór ek die jong beginner verlaat, is ek verplig om nog iets — iets wat baie „vernaamlik” is — te vertel, want anders sal al die honderde jong beginners my dit deerlik kwalik neem. Wel, dit is van die „huisaptekie” van so 'n jong boer, wat ek moet vertel. 'n Jongkêrel, of meesal beginner genoem, sonder 'n nuut-gekoopte „huisaptekie” is ondenkbaar. So 'n medisynetrommeltjie moet noodsaaklik die volgende medisynetjies bevat: „Wondriksens”, hofmandruppels, rooilaventel, rooiplyster, rooipoeier, „witdiffensie” of wit plyster, duiwelsdrek, groen amara, groen pippermentdruppels, „harmusdrup”, kasterolie, en as dit enigins moontlik is ook klipsweet, hotnotsknoffel, „t'koenie” en „kougoed” vir sweetmiddels.

Nou is 'n swaar pak van my hart af en nou kan ons na 1896 teruggaan. Ek was laas by die spookstories wat so aaklig was dat ek hulle nie wou vertel nie. Nou

wil ek net hierby voeg, dat die stories ons taamlik lank aan die gang gehou het, maar dat hulle tog ook later op was, sodat ons maar weer net die „Ons Kleintjies” en die ander twee boeke het. Om al die nagte deur te lees was vir ons onmoontlik; dus moes weer na 'n ander soort van tydverdryf gesoek word.

Spoedig het die vindingryke Perskeoor dan ook alweer iets nuuts. „Nou moet ons,” sê hy, „'n Debatsvereniging oprig; so lank as jy oor 'n punt stry of 'n resitasie opsê, sal ek ageer as voorsitter en wanneer ek weer iets moet voordra, kan jy voorsitter wees.” Die werk van so 'n vereniging is onder die Boesmanlandse trekboere glad onbekend en so het ek daar dan ook niks van geweet nie en vra dus: „Nou wat moet die voorsitter doen solank as jy iets voordra?”

„Wel,” antwoord Perskeoor, „as dit 'n koue voorsitter is, sit hy morsdood stil, maar as dit 'n warme voorsitter is, skree hy nou en dan „stilte!”, „orde!”

Hierdie soort werk lyk my toe regte maklik en ek sê dus toe, „nou toe ou broer, dra jy nou iets voor en ek sal voorsitter wees.” Daar ek liewers 'n warme voorsitter wou wees dan 'n koue, skree ek kort-kort, „stilte! stilte!” en „orde! orde!” terwyl Perskeoor aan „voordra” was. Maar hoewel ek self op hierdie manier nou en dan die rus verstoer het, tog weet ek tot vandag nog goed, wat die voordrag van Perskeoor was. Dit was so 'n „ekstemporrigisasie” (soos hy dit genoem het) oor die ou Boland. Hy het onder andere gesê dat die Boland baie ver bo die Boesmanland uitblink en dat die mense daar baie ryker is en beter is en vernamer is en vromer is dan die ou klomp Boesmanlanders.

Hoemeer hy die Boland opgehemel het, om my ou dierbare Boesmanland daardeur meer en meer te verag, hoe harder skree ek „stilte en orde” en eindelijk het hy daaraan moes gehoor gee. Net toe Perskeoor gaan sit, spring ek vol vuur op en sê: „Geagte voor-sitter, ek is verplig om nou weer 'n „ekstemporrigi-sasie” oor die Boesmanland te gee. Teenswoordig word mos net die ryk mense en die meer bevoorregte gereken. As hulle seuns en dogters gaan trou, word dit in die koerante gedruk en as hulle dood, verskyn oor die hele wêreld van hulle lewensbeskrywings. Maar nooit sal 'n mens van 'n arm Boesmanlander ook iets in 'n koerant hoor nie; al trou hy ook of al dood hy ook, g'n sterfling traak met hom nie. Daarom sal ek nou ook vir die arme Boesmanlanders opkom en kort lewensbeskrywings van party van hulle gee.

Daar is, byvoorbeeld, ou oompie Koos Nel. Hy is die seun van sy papa, ou oom groot Koos Nel van Nels-draai. Sy mama was 'n vroumense en sy het die lekkerste koffie in die hele wêreld gemaak. Hy het in sy lewe 'n puts gegrawe, maar nie water gekry nie. Toe het hy weer 'n dam gemaak, maar die het met die eerste reëntjie gebreek. Hy was 'n voorbeeldige man en ver-lede jaar het hy doodgegaan.

Dan is daar weer oorlede oompie Jan Jorie. Hy was die stiefseun van ou oom ryk Jan Lekkerkos. G'n mens op die wêreld kon ag-os swepe vleg soos hy nie. Ook was hy die beste beesvel-breier in die hele Boesman-land. By loogas-brand en koskaste maak het hy ook nie sy moses gekry nie. Hy het ook 'n mame gehad en die het weer die mooiste boerseep kon maak. Maar die Boesmanlander het meer deugde dan ek kan opnoem.

Verder het jy van baie lekker vrugte van die Boland geprys, maar jy vergeet dat ons hier net sulke lekker veldkosse vir vrugte het, as daardie Bolandse goeters.

Dink maar net aan ons kobba's, kambro's, t'kanies, wilde komkommers, t'kape, t'kabbas, perdekloue, wilde tamaties, heira, wilde rosyntjies, bessies en die baie soorte uintjies.

Dan het jy kamma gepraat oor al die lekker soort kosse van die Bolanders soos speenvarkies, kalkoene en vars vis, maar jy het alweer vergeet dat niks te vergelyke is by die kosse van ons ou land nie. Watter Boesmanlandse tante sal haar groot blikskottel kerrierys verruil vir Bolandse groente, en watter man hier sal sy lekker gebraaide ystervarkrugvel afstaan vir 'n speenvark? Verder wil ek jou net nog herinner aan ons gebakte skaapkoppe, gebraaide skaapribbe, bloedworste, oumeid-onder-die-komberse, biltong, vlerkpensies en onder-die-as-gebraaide rondomdraai-derems. Jy kan nou „stilte en orde" skree soos jy wil, tog sien ek darem noual hoe jou mond water, nou dat jy eers van die regte lekker kosse hoor; dit oortuig my dat ek raak skote geskiet het en sal dus maar ophou."

Hierop volg toe maar weer 'n harde woordesryd, want Perskeoor wou nie insien dat die Boesmanland net so goed is, of dalk nog beter is, as die Boland nie. Die gevolg was dat ons later albei só genoeg vir die stryd had, dat ons nooit verder met die vereniging gekom het, dan by die eerste twee „ekstemporrigisasies" nie. Hier het die stryd al só heet geword, dat ons goed gedag het, om die affêre liewers na die maan te laat vlieg, as ons die lieue vrede, wat nou teens-

woordig so erg skaars is, wil bewaar. Dit was dan ook danig goed, want ek was daardie dae enige tyd bereid om, net soos elke ware Boesmanlander vandag nog, my bloed te laat loop en my kop te laat afkap vir die Boesmanland. Vandaar die bekende spreekwoord: „*Daar is maar net één Boesmanland in die hele wereld!*”

Al ons planne om die lang nagte saam nuttig deur te bring wou, soos dit gelyk het, nie betaal nie en so besluit ons toe weer, soos eers, dat die een voor-nag en die ander na-nag op wag moes sit. Om in die nag altwee gelyk te slaap mag ons natuurlik nie, en ons sou gou uit ons pos geraak het as ons dit gedoen het, want af en toe kom 'n „kopperaal” in die middel van die nag om te sien of die „spessels” die reëls getrou inagneem.

Hierdie laaste besluit het ons toe spoedig in praktyk gebring en dit het beter betaal dan wat ons eers gedag het.

Die tyd het toe vir ons baie gouer omgegaan, en vóór ons nog daaraan kon dink, was die tyd daar dat die „spessels” uit hulle diens ontslae word, want die gevreesde runderpes het uitgewoed.

Dit lyk snaaks om te sê, maar een van ons twee was spyt, dat die lekker verdienste van ses sielings per dag nou op 'n end is. Die man (een van Perskeoor en ek) was selfs só spyt, dat hy gehuil het, toe hy maar ons ou stasietjie moes vaarwel sê. Vir sy part kon die runderpes dus maar aangehou het. Die kiesheid laat my nou nie toe om te sê wie van ons dit was nie, maar — dit was darem nie ek nie.

XVIII.

'n Alarm in Boesmanland.

So teen die end van 1918 het die tamaaie vlei van Jakkalsdans so byna-byna oorgeloop, want dit het toe sommerso bietjie baie gereent en die veld was so ampertjies beter as uitstekend goed. Dit is dus te begryp dat daar toe om die vlei van ou Jakkalsdans sommerso 'n groot sirkel van wit trekkerstente gestaan het.

Ou Joors Kluitjiesluk het sy tent reg in die middel van die wye kring van tente opgeslaan, en as sy ou vrou, tant Sophia, die dag vir die bure aan 'n seker kant van hulle gaan kuier, dan gryp ou Kluitjiesluk sy kiere en gaan die bure aan die teenoorgestelde kant besoek.

As die twee oues dan saans weer by hulle eie tent bymekaarkom, het die een altyd meer as te veel aan die ander te vertel.

Nou, een aand het oubaas Kluitjiesluk skaars by sy tentdeur ingestap, of hy skud sy ou klein kaal koppie ewe treurig en sê toe: „Vrou, vrou, ek het vreeslike nuus, ek . . .” Maar tant Sophia laat nooit haar ou wederhelf eerste aan die woord nie en so val sy hom haastig en drittig in die rede: „Ag ja, ek het nog aakliker dinge gehoor, want ou Klaas Kotteljous se oudste

dogter het jou waarlik haar ja-woord gegee aan klein skraal Floorsie, wat so tingerig is, as ou nig Jacomina se armoedige verlepsiek-kalkoenkuikentjies wat ewe treurig in ou Lokkie Wewenaar se halfvergame litjies-bosskerm pie op 'n hoop loop lê en vrek het." Hier waag ou Kluitjiesluk dit om tant Sophia te steur met die woorde: „As skraal Floorsie en die oudste dogter van Kotteljous net weet wat ek vanaand weet, dan sal hulle nie nog aan trouery dink. . . .” Maar met handgebare en 'n stortvloed van woorde stuit tant Sophia hom skielik. „Wag, wag,” roep sy uit, „jy moet tog nooit 'n mens wat meer as jyself weet in sy redes steur nie; of weet jy miskien, my arme ou voorbarige man, dat die swartlap-boepens hanskalfie van my eie sus Letjie se stiefseun ongelukkig die ou erf-porseleinvleisskottel van ou Willem Kwaavrou flenters en fyn getrap het? En weet jy dat daardie ou vrou van ou Willem Kwaavrou nou daardie ou ellendige skottel (Tante se gemoed skiet haar hier vol) van my dierbare suster se stiefseun opeis of hom anders voor die skerpste skerpregter van die hoogste hooggereghof se koert wil daag? En het jy al gehoor dat die onmenskelike hart van die onmenskelike brandsiek-ekspekter dit oor sy hart gekry het om die stomme ou klompie skapies (hier word Tante rooi van ergernis) van arme ou Josop Looitjiestrek onder 'n ding, wat hulle kankertyn noem, te sit? En is dit jou al bekend dat die mond van ou dik Sannie Stuit nie eergisteraand alweer opnuut oorgestroom het van kekkeltaal teen ou nig. . . .”

Weer waag ou Kluitjiesluk dit om Tante hier in die rede te val. „Ai, ou vrou,” begin hy, „my nuus is baie

erger, dis so vreeslik soos die dood, want jy moet weet. . . ." Maar in 'n wip staan Tante vlak voor hom met die een hand in die sy en die ander omhoog met die wysvinger gebiedend reg-op in die lug en — tjoep staan ou Kluitjiesluk voor sy ou vrou soos 'n berouvolle misdadiger wat nou glad nie meer die gevoel, om tog maar alles te erken, langer kan afsluk nie.

En nou begin tant Sophia eers regtig lekker op te lepel van alle mense en toestande in die ganse buurt. Toe dit so tot vervelings aanhou en oubaas Kluitjiesluk nog altyd nie 'n kans kry om ook sy „sêgoed" te sê nie, gaan hy hom mismoedig op die ou katel in 'n splinternuwe velkometers, onder groot gekraak van kooigoed en katel, inwikkel en, na 'n swaar sug, knyp hy sy nou ogies styf toe en maak kompleet asof hy van tant Sophia, wat nou van haar lekker geselsery in 'n nukkerige gebrom oorslaan, glad niks weet nie.

Ou Kluitjiesluk het egter die ganse nag woelig rondgedraai en was later so krielrig, dat tant Sophia hom bitsig toegesnou het, dat hy tog asseblief nie moet dink dat hulle dierbare ou katel vol kwaai swart wipstertmiertjies is nie. Maar Kluitjiesluk het aangehou met vroetel en toe die dag breek, het hy skielik van die katel gespring en met gejaagdheid sy ou wyepyp-dikriffelferweelbroek aangetrek en daarop in die middel van die tentvloer gaan staan. En hier het die oubaas, so skaars van baard, so erg dun van been en arm, so smal van skouers en voorts so klein en skrap van alle ander liggaamsorgane behalwe 'n tamaaie knoesrige keelstrot, eers die houterige nekkie versigtig regs en links gedraai, toe met oopgespalkte hande op die smalste deel van sy rug krampagtig rondgedruk en toe, terwyl

hy die rug al holler en holler trek, sy kop treurig heen en weer geskud en met die angstigste blikke wanhopig rondgetuur.

Nou begin tant Sophia darem ook nuuskierig onder die splinternuwe kombes uitloer en toe volg die volgende woordewisseling:

„En toe, my arme ou sielverstoorder, wat skort jou?”

„Ag vrou, vrou, ek mag nie met die ding uitkom nie.”

„En waarom dan nie, my ou hart se punt?”

„Om dit te voorbarig van my sal wees.”

„Aagwaat, vertel maar, dan maak ek vandag 'n lekker pot kluitjiesop.”

„Nouja, maar dan moet jy nie skrik nie.”

Met hierdie woorde kom ou Kluitjiesluk half-vooroor gebuie voor sy ou vrou staan, rek sy ogies wyd oop, steek sy tong eers ver oor sy puntige kennetjie uit en sê toe: „Ag vrou, vrou, jy sien nou voor jou staan 'n man met 'n siel vol smart en 'n liggaam vol spaanse griek.”

„Spaanse griek, ou man! wat den d...l is dit?”

„Dis die dood, ou vrou!”

„Die dood, ou man!” en tant Sophia spring verwild op.

„Ja netso, ou vrou, die dood... dood!” en Kluitjiesluk sak glad hopeloos in 'n ou leuningstoel neer.

Om 'n ou swart merienose rok oor die kop te gooi en reg te pluk, twee ou riempiesvelskoene aan te hok, 'n ou stuk geel kamerdoekgoed om nek en kop met 'n lang tuit bo-oor die winkbroue vas te draai en 'n ou blou duitse siskappie te skep, was die werk van 'n oomblik, en daar vlieg tant Sophia ten volle gekleed die tentdeur uit.

Die eerste persoon wat sy ontmoet was ou dik Sannie Stuitnie „wat die mond van opnuut oorgestroom het met kekkeltaal”.

„Ai, my liewe ou nig Sannietjie,” roep tant Sophia snikkende uit, „my arme ou man.... hy.... ag.... skyn van sy verstand te wees.... hy.... ai, wat is tog die arme sondaar!”

Deur bemiddeling van tant Stuitnie was ou Joors Kluitjiesluk se tent gou ingetrap, volgeprop van bure, deur wie se verskillende raadgewings Kluitjiesluk se maag al spoedig kennis gemaak het met kasterolie, duiwelsdrek, litteldip op suiker, gifhoutjiesbrandewyn en vars-getrekte kalmus. Tog het klein Skraal Floorsie gemeen dat daar nog die vars vel van 'n makkat om arme oompie Kluitjieslukkie se kop so warm-warm behoort gedraai te word, „want,” sê hy, „'n mens sal die waarde van so 'n makkatvel nooit weet nie.”

„Nou toe, my ou Nefie,” sê tant Sophia, „slaat my ou huiskat dood en bring ons tog asseblief sy vel en ek sal die mense se monde gou sluit wat iets teen jou trouery met neef Kotteljous se oudste dogter durf sê.”

En Skraal Floorsie was toe ook nie links nie, want net 'n oomblikkie later sit ou Kluitjiesluk met 'n baie vies gesig en voel al benouder onder die gewig van 'n kop, swaar omwind met 'n papnat katvel en 'n ou dik droë flennierok bo-oor.

Maar nog hou die bure raad wat verder — miskien verlaas op aarde — aan die ou siek vriend moes gedaan word.

Daar niemand dit tot sover gewaag het om Kluitjiesluk persoonlik na sy toestand uit te vra nie, kom die brandsiek-„ekspekter”, wat nog altyd stilswyend een-

kant gestaan het, vorentoe en begin beleef: „Nou, hoe voel u dan eigenlijk?”

Tot die bure se grootste verbasing skyn dit of „arme oompie Kluitjieslukkie” hierdie vraag goed verstaan het en — ja, „daar antwoord hy jou wragtie self!” roep ou Kwaai-vrou uit.

„Voel,” herhaal die oubaas, „voel, wel my nek voel skeef gedraai, my rug voel morsaf, my kop voel sonder harspan, my smaak. . . .”

„Maar jou maaiskarrie,” onderbreek tant Sophia hom hier, „ek dog jy 's van jou malleverstand en nou moet ek hoor dis maar weer die ou hoeka se sinkings-klagtes van 'n uit-lit-uit-nek, 'n gebreekte rug en 'n ou harspanlose klapperdop!”

„Ou vrou, vrou,” sê Kluitjiesluk bedroef, „ek sweer dis die spaanse griek wat laat dood. . . . doood!”

„Nou toe,” hervat tant Sophia en swaai haar hand na ou Kluitjiesluk, „daar hoor julle nou self van Spanjaarde en Grieke en die Dood. . . . oog, my arme ou man, ai, wat is tog die arme sondaar. . . . heeija tog!”

„Nee wag my Tante,” troos die brandsiek-ekspekter haar, „nou verstaan ek die hele ding: die oubaas dink hy het die spaanse griep, die vreeslike pes waarvan die veekoper hom gistermôre in my teenwoordigheid vertel het.”

„Ja netso,” stem Kluitjiesluk in en vervolg: „Die veekoper het gesê, al wat mens is, kry dit gou en sterf nog gouer; van die Kaap tot dwarsdeur die groot wêreldstad van Poitjiesroom vlieg die dood. . . . die doood, mense!” (As Kluitjiesluk die woord ‚dood’ vir die tweede maal uitspreek, buig hy altyd sy kop laag vooroor om daar des te groter nadruk op te lê.)

Nou gryp tant Sophia se linkerhand haar regter elmboog ondersteunende aan, terwyl die kromgebuigde wysvinger en duim van haar regterhand haar diepgeplooid ken styf vasknyp, en in hierdie houding sê sy boos-laggende:

„En nou verbeel jy jou 'n griep-gegrypte mens te wees?”

Swaarmoedig skud Kluitjiesluk die dik omhulde kop en antwoord: „Ag, ag, was dit tog maar verbeeldary maar. . . . nee, ek bedrieg my nie, volgens die veekoper is die pes al hier kortby op Lelikbakkies en vlieg sommer deur die lug en dan. . . . die tekens, ja. . . . onse Vadertjie weet die tekens wat die veekoper gegee het. . . .”

„Kom ooreen, meen jy,” voeg tant Sophia hier kwaai in, met wat jy nou in jou ou breeknek-rugafliggaam gevoel; maar die ang en wonderlike ooreenkoms het jou laat vergeet dat jy aljaar om hierdie selfde tyd, sonder om van Spaanse Grieke op Lelikbakkies te verneem, persoonlik erg lelikbakkies trek en soos 'n mierbepakte wurm inmeekaarkrimp van jиг en sinkings.”


Daarop draai sy haar na die brandsiek-ekspekter en sê met die soet-vriendelikste stem: „Ou vriend, jy is 'n man met die barmhartigste menslikste hart wat ek ken; jy het my uit 'n benoude droom gehelp en ek sal vir jou selfs die kleinste klippetjie uit die pad rol, maar nou moet ek eers gaan kluitjiesop maak, want ek ken my ou man se swak punt.”

Laggende verlaat die bure nou die tent.

Omtrent drie uur later kom ou Sannie Stuitnie weer by tant Sophia in haar ou kookskerm pie en vra: „Hoe gaan dit tog nou met die ou neef?”

„Kyk,” sê tant Sophia, en sy wys na die wyd oop-
gespalkte tentdeur, „kyk, daar sit hy nou getroos sy
derde diepbord kluitjiesop in te slurp, dis al wat hy
eet as die sinkings hom *vreet*.”





BOESMANLANDSE SKETSE EN VERHA

ZA 839.3634 DE
ROUBAIX